

Ds. A. W. C. Bester  
Nieuwoudtville  
1 Augustus 1965

Onderwerp: Simson

Lees: Rigters 15 verse 1 tot 20  
Tekst: Rigters 15 verse 16, 18 en 19  
Sing: Psalm 118 verse 1 en 2  
Gesang 12 verse 1 en 2  
Gesang 33 vers 7

“Simson se lewe was ’n lewe van kontraste. Hy het reg verskaf, maar hy was ook geslepe en slu soos ’n slang in die gras.

“Simson was sterk in sy reddingswerk, maar klein in sy sondige uitspattigheid.

“In sy lewe was daar oomblikke van swakheid, sonde en selfverheffing. Oomblikke toe hy breedborstig rondom hom gestaan en kyk het en die plek van oorwinning Kakebeenshoogte genoem het.

“Maar dan was daar die oomblikke van roepingsbewustheid en opregte dankbaarheid toe hy later dieselfde plek Roepersfontein genoem het.

“Hoe eerlik is die Woord van God tog nie in die siening van die mens se lewe nie. Met alle opregtheid word Simson vir ons hier geteken, nie net in sy swakheid nie, maar ook in sy krag. Dit is dieselfde man wat deur die geloof kragtige daade gedoen het, maar aan die ander kant deur ongeloof verval het in sonde, toe hy prooi geword het van ’n slinkse vrou.

“Simpson moes sy volk verlos uit die hand van die verdrukker. Tog het hy gemene sake gemaak met die dogters van die verdrukker.

“Simpson was in ’n sonderlinge posisie. Hy moes ’n volk verlos wat nie verlos wou wees nie. Hy moes deur die geloof ’n nasie rein bewaar wat self geen geloof en reinheid van wandel geken het nie. Hy moes stry vir sy volk, maar sonder sy volk. ’n Volk wat nie meer geglo het dat God wonderbaarlik kan verlos nie; en tog moes hulle op wonderbaarlike wyse verlos word. Simson moes alleen stry; alleen die las dra; alleen vir hierdie verwarde en afvallige volk veg.

“Broers en Susters, ons soek nie hier verskoning nie, veral nie as die Bybel dit nie doen nie.

“Simson se eensame stryd het begin toe sy vrou aan ’n ander gegee is en hy as vergelding die ryp graan-oes van die Filistyne verbrand het. Toe die woedende

Filistyne met 'n leërmag teen hom opgeruk het, het hy weer alleen gestaan, omring deur lafhartige Judeërs. Omdat hierdie Judeërs die wolk en die vuurkolom en die verlossing in die woestyn vergeet het, het hulle verraderlik saamgespan om hulle rigter en verlosser aan sy bloedsoekers uit te lewer.

“'n Mens dink hier onwillekeurig aan Jesus Christus, die Rigter en Verlosser uit die mag van sonde, wat aan sy bloedsoekers oorgelewer is. Bitter was die kus en die verraad.

“Juis die volk wie se swakheid Hy geken het en wat Hy wou vergewe met sy alleenstryd, het Hom in die rug gesteek. Hom in die steek gelaat. Daar is niks so gevaarlik in die lewe soos valsheid wat in die rug steek nie.

“Netso was die smartlike verraad teen Simson. Dit was alleen deur die krag wat God hom gegee het, dat hy kon volhou teen hierdie verloëning - net soos Jesus Christus op Golgota. Hier waar Simson vinger alleen staan en alles vir sy volk moet doen, is hy 'n afbeelding van Jesus Christus wat in volmaaktheid, alleen alles vir die mensdom gedoen het.

“Gebind deur nuwe toue is Simson as losprys oorgegee, sodat die vyand sy volk nie sou straf nie.

“En hoe het u Simson vir u voorgestel? 'n Groot gespierde figuur, 'n man wat soos Saul kop en skouers uitgesteek het bokant sy omstanders. Dit mag wees, maar ons het daarvoor geen gegewens in die Skrif nie.

“Kan 'n man in eie krag die stutsuile van die tempel van Dagon om-arm en inmekaar trek? Kan een man die poorte van die stad, wat die aanvallende vyand buite moet hou, uitruk en op sy skouers tot daarbuite op 'n hoogte dra? Kan 'n man met die krag van sy gewigte nuwe toue breek soos drade van linne?

“Nee, Broers en Susters. Die geheim van sy krag was ook nie in sy haarlokke nie, maar in sy geloof. Sy hele geskiedenis is vol van die woorde: ‘maar die Gees van die HERE het oor hom vaardig geword ...’ (Rig 15:14) Dít was Simson se krag en sy sterkte.

“As die Gees van die HERE jou krag is, wie en wat kan jou keer?

“Vandat Simson begin slaan het, totdat 'n duisend man aan sy voete gelê het, was die Gees van God vaardig in hom. Hier was geleentheid om sy eie swakheid te besef, want wat was 'n stuk been, 'n klam eselskakebeen, teen duisend gepantserde en gewapende manne? Só nietig die wapen en so nietig die man wat dit hanteer, dat alle eer aan die HERE

gebring moes word. Juis hierdie eenvoudige kakebeen moes die getuie wees dat dit nie hy is nie, maar die HERE wat dit gedoen het!

“Insteede stoot hy sy bors uit en sing ’n lied van sondige hoogmoed. Simson die sterke het weer gewen: ‘Met ’n eselskakebeen het ek een klomp, twee klompe, met ’n eselskakebeen het ek duisend man verslaan.’ (Rig 15:16) En sy lied is hees van diep keelklanke, roggelgeluide in elke woord, as ons dit lees in die Hebreeuse taal.

“En kyk wat doen Simson nou met die nietige instrument in God se hand. Toe hy klaar gesing het, werp hy die kakebeen waarmee hy deur die Gees van God gewen het, met minagting weg; en gee die plek die naam Kakebeenshoogte.

“Twintig, dertig geslagte na Simson sou hulle nog op hom roem as hulle hierdie rotshoogte sien. Ja, hier sou Simson die eer ontvang en nie God nie.

“Sien u Simson se sonde?

“Broers en Susters, is dit nie ook u en my sonde nie?

“Dit kan die sonde word van ’n volk, ’n dorp en ’n vaderland. As ons terugkyk oor ons verlede en ons merk die hoogtes van volksprestasies, van volksgroei, uitbouing van ’n dorp en eie prestasies, doen ons nie dieselfde nie? Ons vergeet dat dit God is wat lei, bewaar en dring.

“Hoe menigmaal minag ons nie God se heilige bemoeienis met veragting nie? Roem ons nie in eie krag, verstand, vernuf en deursettingsvermoë nie?

“Is die geel graan op die land die werk van die kunsmis, die wetenskap; óf die seënende hand van God? Is die vet veë in my kraal te wyte aan my vernuf; óf kom dit uit God se hand?

“Broers en Susters, Hy alleen en HY ALLEEN open die sluise. As ons dit maar wil besef. Nie net die dag wanneer ons ’n biddag hou vir reën nie, maar ook wanneer ons moet neerkniel om te dank.

“Mag God gee dat ons nie in niksseggende vormgodsdienst ‘Here, Here’ sal sê nie. Maar dat God, wat gee en voorsien, hierdie vlek sal uitwis en ons as ’n dankbare gemeente voor Hom sal laat neerkniel. Dat ons Hom sal verheerlik deur ons lewe.

“Mag God die Kakebeenshoogtes uit ons lewens wegruk, want Kakebeenshoogte beteken om nie te erken wat God doen nie; en nie God se wil uit te voer nie. Hy wat op Kakebeenshoogte bly staan, verloën Jesus Christus onder die waan van eie krag en hoogmoed.

“Simson, ja hierdie sterk Simson, wat sy keel so hees gesing het op die Kakebeenshoogte, kry toe dors. Die inspanning, aanhoudende houe en die uitbulder van sy lied het hom ’n smagtende dors gegee.

“Dit was nie ’n gewone liggaamlike dors nie, maar ’n siele dors wat die HERE hier aan Simson gegee het. As hy sy geloof behou het, sy roeping nie verloën het nie en die eer aan die HERE gegee het, dan was hierdie dors nie nodig nie. Maar die HERE het aan hom ’n sieledors gegee ter wille van sy sondes. Hy het nie net gewone water nodig gehad om hom terug te bring tot die lewe nie, maar die genade van God.

“Broers en Susters, sien hoe hierdie held sidder. Hy vrees om in sy dors en doods-angs oorrompel te word en te val in die hande van onbesnedenes. En hoe dorser hy word, hoe sterker word die aanklag van Kakebeenshoogte teen hom. Dit dwing hom tot gebed. Dieselfde keel, dieselfde mond van netnou bid nou in erkenning.

“Hier word die groot man klein. Hy roep die HERE binne. Self kan hy nie verder nie. Hy trek ’n streep deur al sy prestasies; ’n streep deur sy sonde; en ’n streep deur sy lewe. Dit is U HERE, U alleen. My hand is net die instrument. Skuldbelydenis in opregte gebed, selfondersoek en eie doemwaardigheid.

“Broers en Susters, hoe goed is God nie, dat hy Simson dom maak nie. Dit geld ook vir ons. Hoe goed is God nie dat hy siektes, droogtes en teëspoed stuur nie. Daarmee gee Hy ons ’n dors, selfondersoek, belydenis, afsmeking, genade en verhooring.

“Die HERE gee helder water uit ’n rotsholte waar geen water was nie. Hy gee water wat lewe gee. Simpson sien nou albei wonderdade as God se daade. Hy kniel neer en drink lewende water en noem nou die plek Roepersfontein - die plek waar God verhoor het. ’n Sondaar wat die dood verdien het se gebed is verhoor. Kakebeenshoogte het nou Roepersfontein geword.

“Broers en Susters, as u dors word, vernietig u Kakebeenshoogtes met gebed, smeking en belydenis.

“As God ons besoek en ons dors maak, verander Hy ons en gee ons water om te drink. Dié water is Jesus Christus. Dan word die kruis van Golgota ons Roepersfontein. Mag ons dié genade ontvang om ons te bekeer.

“Erken dat u Jesus Christus nodig het en gee aan God die eer in u lewe.

“Amen.”